### *Afskeid van Jaïrus*

**16** Jaïrus wek Sarah, wat alreeds besig was om wakker te word, en gee haar die volle tak. Dit is baie na haar sin en sy byt dadelik in die oorryp en heuningsoete vrugte en eet hulle op. Toe sy alles opgeëet het, word Ek op My bank wakker.

[2] **Sarah** is die eerste wat My `n heel hartlike oggend-groet gee en Ek vra haar hoe die vye gesmaak het. En sy sê vol blydskap: "Meester, dit was hemels en heuningsoet! Philopold, U vriend, het hulle vir my in U Naam gegee, en ek het hulle almal opgeëet; want hulle was buitengewoon lekker! U het hulle seker vir my hierheen gebring!?

[3] **Ek** sê: "My allerliefste Sarah! Ja, vir jou; want jy was die rede waarom Ek gisternag vir vriend Philopold moes wys hoe Ek dooies opwek, toe moes Ek `n totaal verrotte vyetak weer lewend maak, sodat dit vir jou, My geliefde Sarah, nog één keer soete vrugte kon dra, en daarom was dit goed van jou dat jy hulle opgeëet het. Hulle sal jou nog meer gesond maak! - Maar nou gaan ons dadelik na buite tot die kamers opgeruim en skoongemaak is, daarna gebruik ons `n oggendete en daarna sal ons onsself aan die daaglikse werk wy!"

[4] Na hierdie woorde gaan almal saam met My na buite en geniet die skoon, kristalhelder oggend.

[5] Toe kom **Jaïrus** na My toe en sê: "Meester, aan my dank sal nooit `n einde kom nie! Voordat ek my ooit weer teen U sal laat gebruik, sal ek my betrekking neerlê en `n entoesiastiese volgeling van U gewyde leer word; en Philopold sal my lewenslange vriend bly; want dit is juis aan hom te danke dat ek die ware lig oor U gekry het. Hy is nou wel `n Griek, maar hy is in ons Skrif meer bekwaam as ekself en al die skrifgeleerdes van die hele Judéa, Galiléa, Samaria en Palestina saam! Kortom, ek weet nou presies wie U is, en dit is inderdaad soos wat ek al dikwels in die geheim gedink het. Maar ek moet nou na Kapernaum waar sake op my wag. My vrou en dogter Sarah beveel ek egter, solank U dit geskik vind, onder U beskerming aan! Want by U sou hulle beter as in die hemel bewaar word! As ek my egter in die aande kan vrymaak, sal ek stellig met Festus en Cornelius, miskien ook met die ou Cyrenius, wat moontlikerwys vandag na Kapernaum sal kom, saam hierheen kom! En ek beveel my nou in U liefde, geduld en barmhartigheid aan." - Vervolgens neem hy afskeid van sy vrou en die liewe Sarah, laat sy snellopende muilesels bring, bestyg die sterkste en ry met groot spoed daar weg.

[6] Ek roep almal nou na die ontbyt, en ons gaan die opgeruimde en skoongemaakte kamers binne, waar `n klaargemaak goeie maaltyd deur Borus op ons wag.

[7] Na die maaltyd roep **Borus** My eenkant en sê: "My innig geliefde vriend! Ek weet dat U lankal al weet wat ek onder vier oë met U graag wil bespreek; maar daar is onder U leerlinge `n paar wat volgens my nie hoef te weet wat ons met mekaar bespreek nie, en slegs daarom het ek U gevra om eenkant toe te kom!"

[8] **Ek** sê: "Dit was eintlik glad nie nodig nie; want dit wat jy My hier wil vertel, het Ek die leerlinge uitgebreid in Kis vertel en openlik aangeprys. Hulle weet alles, en ons hoef daarom nie voor hulle geheimsinnig te wees nie."

[9] **Borus** sê: "Ag, as dit so is, dan sê ek dit heeltemal openlik!"

[10] Daarom gaan ons weer na die geselskap terug, en **Ek** sê aan Borus: "My allerbeste vriend! Wat jy vir My wil sê, weet Ek, en al die leerlinge weet dit ook, en daarom beskou ons hierdie saak as afgehandel, jy word deur die besnydenis en die wet, as `n egte Judeër beskou, dan moet jy jou tong ook sterk in bedwang hou. Maar dit was goed, dit wat jy gesê het, en daarom is die saak hiermee afgehandel. – Bring My nou egter na die skool (sinagoge) van Násaret! Ek sal die volk leer, sodat hulle kan insien in watter tyd hulle nou leef!" *(Matthéüs. 13:54)*

[11] Moeder Mirjam vra of Ek gedurende die middag na die huis toe sal kom.

[12] **Ek** sê: "Wees nie besorg of Ek sal kom of nie; dit is voldoende dat Ek alle sorg op My neem! Maar vanaand sal Ek kom."

[13] Sarah vra of hulle met My mag saamgaan na die skool toe.

[14] **Ek** sê: "Sekerlik, kom jy maar, ofskoon die vrou volgens die wet die skool (sinagoge) nie behoort te betree in die geselskap van `n man nie. Maar dan sal almal nou anders word; want die vrou het net soos `n man alle reg op My Liefde en Barmhartigheid, wat van Elohim die Vader is wat vanaf My uitgaan. En gaan jy dus maar heel bly, vrolik en vol vertroue saam en leer in die skool ook om in te sien watter tydperk nou aangebreek het - laat ons dus gaan! Maar, Sarah, jy bly naby My en sal vir My as `n belangrike getuie dien! Hou daarom hierdie grafkleding aan; want ook hierdie kleding sal vir My getuig! – Kom ons gaan nou!"

[15] Na My woorde gaan ons dadelik na die skool toe.

### *Die Meester lê `n teks van JeshaJaH uit*

**17** Toe Ek die skool binnekom, sit daar ongeveer tien oudstes van Násaret met `n aantal fariseërs en skrifgeleerdes aan `n groot tafel en behandel juis die verse uit JeshaJaH, wat so lui: 'Was en suiwer julle; laat My julle slegte aard nie meer sien en sondig nie meer nie! Leer om die goeie te doen, streef na regverdigheid; help die onderdruktes, wees regverdig vir die wese en `n voorspraak vir die weduwees! - Kom dan en laat ons met mekaar die saak uitmaak, spreek JaHWeH. As julle sonde bloedrooi was, sal dit tog sneeuwit word, en as dit roserooi is, sal dit tog soos wit wol word. As julle My gehoorsaam is, dan sal julle eet van die goeie van die land. Weier julle egter en is julle My ongehoorsaam, dan

sal julle deur die swaard vergaan; want so spreek die Mond van JaHWeH! - Hoe gebeur dit egter dat die vrome stad `n hoer geword het? Sy was vol regverdigheid, en geregtigheid woon daarbinne, en nou woon daar moordenaars! Julle silwer het skuim geword en julle drank is met water vermeng. Julle vorste is afvallig en hulle verkneg; hulle belustig hulle met geskenke en neem graag gifte aan; aan die wese doen hulle egter geen reg nie, en die aansprake van die weduwees behandel hulle nie! Daarom spreek JaHWeH, die Meester van die Skeppingsleërmag, die magtige in Israel: O wee, Ek sal My troos deur My vyande, en wreek deur My vyande!" *(JeshaJaH 1:16-24)* Hulle bespreek die betekenis van hierdie verse en dit word nie vir hulle duidelik nie.

[2] Toe kom **Ek** na vore en sê vir hulle: "Wat peins julle daaroor, terwyl dit tog so helder as die middagson en aan julle dade te sien is? Kyk na julle wese, julle weduwees! Hoe gaan dit met hulle? In plaas daarvan om vir hulle te sorg, neem julle dit wat hulle nog het, ook af; en die arme wese verkoop julle as slawe aan die heidene, soos wat julle dit enige dae gelede langs `n verborge weg wou doen en sou gedoen het, as die tollenaar Kisjonah julle daarby nie sterk verhinder het nie.

[3] Die Meester sê: 'Wel, kom en laat ons met mekaar `n dispuut verklaar! As julle sonde bloedrooi is, sal dit tog sneeuwit word, en as dit purperrooi is, sal dit so wit soos wol word!' - maar dan vra Ek: wanneer en onder watter voorwaarde? Hoe is dit met julle en met die vrome stad wat ook 'die stad van Elohim' heet? Hoeveel sonde van die allergrofste en ten hemel skreiendste soort is al daarin begaan en hoeveel word daar nou begaan!?

[4] 'Was en suiwer julle en laat My julle slegte dade nie meer sien nie!' sê JaHWeH deur die mond van die profeet. Wel, julle was julle liggame sewemaal per dag en julle suiwer julle klere en julle maak twee tot drie keer per jaar die grafte van julle gestorwenes wit; maar julle harte bly verstar, en sit vol vieslikheid, en daardeur kom dit dat julle soos gewitte grafte lyk, deurdat dit van buite versierd en skoon daar uitsien, maar is van binne vol walglike geur, vol doodsbeendere en vol stinkende slyk!

[5] Die profeet praat oor die suiwering van julle harte en vermaan julle om met julle sonde weg te doen voor die alsiende Oog van Elohim; maar julle het hierdie betekenis nog nooit in julle harte opgeneem nie en daarom reinig julle slegs julle velle en julle laat julle harte ondergaan deur al die smerigheid van die hel! O onhebbelikheid van die hel, wie het julle dit ooit geleer?!

[6] Natuurlik sê julle: 'Die bok, wat Moses en Aäron voorgeskryf het, word tot op die uur elke jaar belas met die sonde van die hele Israel, vervolgens geslag en in die Jordaan gewerp!' *(Levitíkus 16)* O julle blindes! Wat kan die bok daaraan doen dat julle steeds meer sondig en julle julle harte nie wil verbeter nie?

[7] Hierdie handeling was slegs figuurlik bedoel, en julle moes lankal daaruit geleer het dat die bok slegs maar julle slegte, wêreldse luste voorstel, soos julle hoogmoed, wat soos die bok afstootlik is en buitengewoon stink, ook julle hoerery en julle smerige gewoontes, julle inhaligheid en nyd en julle afguns! Soos met die vernietiging van die sondebok, moet julle vir altyd die luste van julle harte vernietig, dan sou julle wesenlik volgens die gebod van Moses en Aäron gehandel het en dan sou julle diens ongetwyfeld seën gedra het! Maar nou het julle wel die bokke gedood, wat nutteloos vir julle was, maar julle het julle sonde gevulde harte gehou; daarom het JaHWeH Sy bedreiging uitgevoer en sal dit later nog verder uitvoer as die maat van julle boosheid sal vol word.

[8] Dit is nou mooi dat die heidene nou aan die volk geregtigheid moet verskaf en vir haar weduwees en wese moet sorg! Maar daarom is dit ook waar wat die profeet sê: 'Ek sal My troos deur middel van die vyande, die heidene, en sal My deur hulle wreek!' Waar het julle mag gebly en waar het julle krag heen gegaan? `n Klein aantal heidene heers oor die eens so magtige volk van Elohim! Foei, wat `n ewige smaad en skande! Die kinders van die slang is wyser en meer regskape as julle, as kinders van die lig.

[9] Daarom sal ook hierdie heilige grond binnekort aan die heidene oorgelewer word, en julle sal voortaan geen land en heeltemal geen koning hê nie; maar julle sal vreemde tiranne as slawe dien, en julle edele dogters sal deur die heidene en die knegte van die heidene beken word, en hulle vrug sal gehaat word as die gebroedsel van slange en adders!

[10] Met behulp van die profeet, wat vir julle harte geskryf het, bespreek julle hoe julle die uiterlike skyn van die waardelose handeling van die was en reiniging van julle liggame, klere en grafte sou kon oppoets, sodat die seremonie nog groter gawes kon realiseer; maar julle kan julle nie voorstel wat voor Elohim welgevallig is nie! O, slegte knegte van die duiwel! Hóm dien julle met julle seremonies en daarom sal julle ook eenmaal die loon in die poel by hóm ontvang, soos wat julle dit altyd verdien het.

[11] Die liggaam was `n mens, as dit nodig is, twee, of driekeer per dag, en mens was die klere as dit vuil word; want dit het Moses vir die gesondheid van die liggaam beveel. So bedek `n mens ook die grafte met `n handdikte leemgrond en maak hierdie leemafdigting, as dit droog geword het, elke keer wit met goeie kalk, sodat daar geen skeure in kom nie, waardeur veral in die eerste jare van die verrotting, die skadelike dampe verhoed word om maklik te kan opstyg en allerlei skadelike siektes aan mense, diere en plante aan te rig.

[12] Sien julle - dáárvoor moet `n mens die grafte witkalk, dit kan `n kind tog verstaan! Hoe wil julle dan daarvan `n godsdienstige handeling maak?! O dwase en narre! Watter nut sou die siel van die gestorwene dan daarvan hê?!"